

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 3 • MAY / JUNE 2024

**LIMPOPO-KULTIVARPROEWE  
ONDER BESPROEING IN 2023:  
DENDRON EN TOM BURKE**

**INSIDE: 2024 BAYER  
SEED POTATO GROWER  
FINALISTS ANNOUNCED**

Overview of  
world potato markets

Water quality concerns  
and contingencies

Unleashing the potential  
of potatoes: Marketing



# SQM se Qrop K\* verbeter aartappelgehalte

Deur Johan Fick, agronoom, SQM

**A**artappels is 'n diverse gewas wat regoor die wêreld op verskillende maniere verbou word. Selfs in Suid-Afrika word verskeie verbouingspraktyke toegepas. Aartappels kan droëland, met die hulp van hidroponika, of met die meer bekende praktyk, naamlik onder spilpunt, verbou word.

Die verskillende klimaatsones in Suid-Afrika verseker dat aartappels reg deur die jaar verbou kan word en altyd beskikbaar is. Klimaat is een van die grootste rolspelers by die opbrengs van 'n aartappeloes. Parameters soos dagliglengte, temperatuur en waterbeskikbaarheid is maar 'n paar bydraende faktore.

**“Qrop K\* is 'n uitstekende topbemestingsopsie wanneer 'n plant in die knolvullingsfase is, aangesien dit knolgrootte aanhelp.**

Om aartappels beter te verstaan, moet na die oorsprong van die aartappelgewas gekyk word. Aartappels kom oorspronklik uit die Andes-bergreeks in Suid-Amerika. Die gewas floreer dus in omgewings

met koel weer en lang dae. In Suid-Afrika ervaar ons egter hoofsaaklik koeler weer met korter dae in die winter. Gelukkig het aartappelkultivars ontwikkel en by hierdie omgewing aangepas. Voedingstofopname en die kurwe waarteen voedingstowwe opgeneem word, is belangrik in 'n aartappel se groeitydperk.

## Voedingstowwe en minerale

Aartappels is bekend as 'n gewas wat heelwat voedingstowwe en kunsmis vereis. Elke element speel 'n rol. Stikstof is noodsaaklik by die vorming van die plant se proteïene en het 'n invloed op knolgrootte. Stikstof help ook om blaarmassa op te bou wat gevolglik opbrengs verbeter. Nitraat-gebaseerde stikstofbronne is uiters belangrik om die opname van katione te fasiliteer, maar ook om kompetisie tussen die ammonium-kation en ander katione uit te skakel.

Fosfaat is die drywer van adonien-trifostaat (ATP) in die plant en is belangrik vir wortelontwikkeling en die generering van energie. Genoegsame fosfaat sal bydra tot maksimum knolvorming tydens knolinisiasie in die plant.

Kalium (K) is 'n belangrike komponent gedurende die seisoen en is betrokke by die plant se waterstatus

en die beheer van die stomata. Kalium beïnvloed die vervoer van sukrose vanaf die blaar tot by die knol, wat knolvulling bevoordeel.

Kaliumnitraat is herhaaldelik bewys as die beste bron van K tydens bemesting. Nie net is die stikstofbron in nitraatvorm nie; dit fasiliteer ook die opname van K en ander noodsaaklike katione soos magnesium en kalsium in die plant.

## Die impak van Qrop K\*

Qrop K\* van SQM is 'n kalium-nitraatkorrel wat 13% stikstof (N) in nitraatvorm, asook 38% K bevat. Die korrelhardheid, vorm en eenvormigheid maak dat dit maklik met mengsels integreer, maar ook as 'n alleenstaande produk funksioneer. Dus kan Qrop K\* gestrooi word om jou K- en N-behoeftes in kritieke tye van opname of tekorte aan te spreek.

Qrop K\* is 'n uitstekende topbemestingsopsie wanneer 'n plant in die knolvullingsfase is, aangesien dit knolgrootte aanhelp. Qrop K\* is maklik oplosbaar in die grond en is, in vergelyking met ander kaliumbronne, dadelik beskikbaar vir opname deur die plant. Ander voordele is die verhoging van die interne en eksterne gehalte, rakleefyd en soortlike gewig van aartappels.

\*Qrop K Reg No K5021 Wet 36/1947. Registrasiehouer: Sociedad Quimica y Minera (Africa) (Pty) Ltd.

### Vrywaring

Sover SQM se kennis strek, is die inligting in hierdie artikel akkuraat. Die toepassing van voorwaardes van gebruik en aanwending volgens die aanbevelings, is buite SQM se beheer. Geen waarborg word gegee rakende die akkuraatheid van enige data of stellings in hierdie artikel nie. SQM ontken enige verantwoordelikheid of aanspreeklikheid met betrekking tot die toepassing van die aanbevelings en sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir enige spesifieke, toevallige of gevolglike skade wat uit sodanige gebruik voortspruit nie.

Vir meer inligting, epos Johan Fick by [Johan.Fick@sqm.com](mailto:Johan.Fick@sqm.com) of besoek SQM se webblad by [www.sqm.com](http://www.sqm.com).